

# M3 BAIT STATION™


Beheer van Vrugtevliegpopulasies in  
Boorde deur Lok-en-doodmaak





## Die Probleem:

Vrugtevlieë van verskillende spesies vorm deel van 'n groot plaagprobleem in baie verskillende vruggewasse. Sekere vrugtevlieë spesies word vir sommige markte as fitosanitêre plae beskou. Die Mediterreense vrugtevlieë is een van die ernstige vrugtevlieë plaagspesies wat voorkom op meeste vruggewasse in Suid-Afrika.




## Hoe Beskadig Vrugtevlieë Jou Gewasse?

Vrugtevlieë kan vrugte beskadig deur blinde steke sonder oviposisie, die vrugtevel deurboor om eiers te lê, of deur infestasië, wat dan vrugteverval veroorsaak.

## Die Oplossing: M3™ Bait Station

Die gebruik van die M3™ Bait Station het die vars vrugtebedryf voorsien met 'n geïntegreerde plaagbestuurmetode (IPM) wat veilig is vir beide die verbruiker en die omgewing. Dit is bewys om 'n effektiewe hulpmiddel te wees wat vrugtevlieëpopulasies in vrugteboorde beheer deur 'n lok-en-doodmaak metode. Die M3™ Bait Stations bevat proteïenhidrolisaat en plantekstrak met alfa-sipermetrin wat wyfies vrugtevlieë lok en hulle doodmaak op kontak.

## Hoe Werk die M3™ Bait Station?



1. Wyfies vrugtevlieë word gelok tot die lokstasie wat strategies in die boorde geplaas word.
2. By kontak word die vrugtevlieë deur die plaagdoder in die produk doodgemaak.
3. Die onderdrukking van die wyfies populasie lei tot 'n mannetjie populasie vermindering, aangesien geen paring kan plaasvind nie.
4. Sodoende vermindering van die algehele vrugtevlieë populasie, asook die risiko van infestasië.

## M3™ Bait Station Voordele:

### Langlewendheid

Toediening van M3™ Bait Stations moet plaasvind voordat die vrugtevlieë populasie opgebou het en die gewas vatbaar is. Die aansienlike beheertydperk van 16-18 weke maak voorsiening vir een of twee toedienings oor die seisoen.

### IPM Vriendelik

Die M3™ Bait Station is 'n volhoubare plaagbestuurmetode en kan gebruik word in 'n IPM-program.

### MRL Bestuur

Die M3™ Bait Station word in die boom gehang en kom nie in aanraking met die vrugte of ander dele van die boom nie dus toon dit nul MRLs.

### Bekostigbaarheid

Wanneer M3™ Bait Stations met ander lokstasies vergelyk word, is die prys aansienlik goedkoper, tot en met helfte van die prys.

### Reënvas


Die omhulsel van die M3™ Bait Station is ontwerp om die produk reënvas te maak wanneer dit korrek toegedien word.

### Geen Vrugte Brand

Blaar bespuitings kan soms fitotoksiteit / letsels op sagte sitrus veroorsaak en die gebruik van M3™ kan die behoefte aan hierdie blaarbespuitings verminder en dus die risiko van vrugtebrand ook verminder.

## Doeltreffendheid van die M3™ Bait Station:

M3™ Bait Stations bied 'n populasiesuitklophou voordat druk opbou. Dit is bewys as 'n effektiewe metode van populasie vermindering soos gesien in die monitoring lokval data hieronder.



Alhoewel die M3™ Bait Station wyfies vrugtevlieë teiken, beeld bogenoemde grafiek uit hoe die populasie verminder word in die afwesigheid van die wyfies vrugtevlieë.



River Bioscience (Pty) Ltd.  
 admin@riverbio.com  
 5th Floor, Fairview House,  
 Fairview Office Building, 66 Ring Road  
 Greenacres, PE, 6045  
 PO Box 20388, Humewood, 6013

Skandeer vir  
meer inligting



M3™ Bait Station L6675

**Aktiewe Bestanddele:**  
 Proteïenhidrolisaat & plantekstrak:  
 5,0 g/ Lokstasie  
 Alfa-sipermetrin:  
 0,01g / Lokstasie